

SONSTRAAL BYBELSTUDIE

15 FEBRUARIE 2026

Prediker 3:5 & 2 Petrus 1:16-21 Tyd op die berg

1. Welkom!

a. Verwelkom almal in die groep en praat 'n bietjie saam oor die afgelope week se gebeure in almal se lewens. Is daar tans iets wat baie tyd en energie van jou vra? Is daar iets waarna jy opsien of uitsien? Is daar iets wat verantwoordelik is vir jou wat taamlik meer stres as gewoonlik?

b. Word 'n oomblik stil om bewus te word van God, mekaar en jouself. Raak bewus van hoe jou lyf in hierdie oomblik voel, van die gedagtes wat in jou kop rond sweef. Probeer om hierdie dinge een kant te skuif, net vir nou, en net te wees in hierdie oomblik. Jy mag nou asem skep, jy mag vir nou vergeet van alles wat nog vandag en teen die einde van die week moet gebeur. Jy mag nou net wees...

c. Open met gebed

2. Lees saam:

Neem 'n oomblik om vanaand se twee tekste te lees: Prediker 3:5 en 2 Petrus 1:16-21

3. Verheerlikingsondag

a. Komende Sondag is Verheerlikingsondag – die laaste Sondag van Epifanie. Dan is dit weer tyd vir Lydenstyd om te begin. Met Aswoensdag wat volgende week is, begin die 40 dae van Lydenstyd – 'n tyd wat ons saam dink aan die 40 dae wat Jesus in afsondering spandeer het in die woestyn, sowel as die lyding waardeur Jesus gegaan het gedurende sy tyd op aarde.

b. Met Verheerlikingsondag herdenk ons egter Jesus se verheerliking op die berg. Toe Jesus saam met drie van die dissipels by 'n berg opgegaan het, Moses en Elija verskyn het, Jesus se voorkoms verander het (Lukas sê die voorkoms van Jesus se gesig het “verander” en Sy klere het helderwit geskitter), en daar 'n stem uit die hemele gekom het wat gesê het: “Dit is my Seun, die Uitverkorene. Luister na Hom.”.

c. Ons stop egter nie net hier nie – op Verheerlikingsondag vra ons ook hoe ons in die hier en nou vir Jesus kan verheerlik.

4. Praat Saam:

a. Hoe lyk dit om vir Jesus in die alledaagse lewe te verheerlik? Een manier wat ons Jesus kan verheerlik is om al meer soos Jesus te word...

b. Is daar dinge in die lewe wat ons kan uitdaag om meer soos Jesus te lewe? Hoekom sê jy so?

c. Is daar nog enigsins waarde daarin om te probeer om soos Jesus te lewe? Hoekom probeer ons om soos Jesus te lewe in die eerste plek?

Ons sien in die Bybel dat Jesus meer as een keer teruggekeer het na 'n plek van afsondering – die woestyn, 'n berg, en nog vele ander plekke.

Jesus moes hierdie tyd neem om alleen met God te wees om self weer bewus te word van God se teenwoordigheid, asook sy eie teenwoordigheid in die wêreld. Dit wil blyk dat elke keer wat Jesus hierdie gedoen het – om intensioneel weer bewus te word van God in Sy dag, week, en lewe – dat Jesus weer die krag gekry het om uit te gaan en die wêreld te bedien. Dalk kan dit ons goed doen om hierdie daad (of dissipline?) van Jesus te onthou en in te oefen in ons eie lewens, veral wanneer dit vir ons moeilik is om soos Jesus te probeer lewe.

- d. Deel met mekaar hoe verskillende plekke van afsondering kan lyk ('n mens hoef nie elke keer letterlik by 'n berg op te gaan nie!)
- e. Hoe lyk jou "berg"? Jou plek van afsondering? Hoe help dit jou om weer bewus te word – bewus van God, jou eie menswees, ens.?
- f. Hoe kan ons dit regkry om hierdie dissipline van afsondering meer en meer gereeld toe te pas in ons lewens?

5. Beweging 5

Sluit af met gebed en geniet 'n heerlike koppie tee en verkeer gesellig saam.